

VLOED VEILIGHEID

Wat veroorsaak 'n vloed?

'n Vloed word veroorsaak wanneer daar 'n hewige storm is of as daar te veel reën val. Vloede is gevaarlik omdat die water oor die grond spoel en huise en geboue binnegaan.

Seewater vloede word deur sterk winde veroorsaak wat oor die see waai en groot branders veroorsaak wat oor land vloei en areas langs die see oorvloei.



Wat moet jy doen as daar 'n vloed naby jou is?


- Gaan na hoër grond en bly weg van die vloed.
- Luister na die instruksies van nooddienste wanneer daar 'n vloed is.
- Luister na jou radio vir instruksies en inligting.

Wees Versigtig

- **Moet nooit** in vloedwater probeer stap, swem, ry of speel nie.
- **Moet nie** enige brûe probeer oorsteek tydens 'n vloed nie.
- Wees versigtig vir slange en ander gevaarlike diere in vloedwater.

Werk 'n Noodplan uit

Families moet saam sit en 'n roete om te ontsnap uitwerk ingeval daar 'n brand of vloed naby of in julle huis is. Onthou om 'n veilige plek te kies om te ontmoet in nood situasies. **Memoriseer die Noodnommers.**



NOODNOMMERS



10177



112

BRAND EN VLOED BEWUSMAKINGSVELDTOG

BLY IN BEHEER DAN KRY JY NIE SEER

Ek is **Gerry die Giraffe** en my lang nek help vir my om gevaar van vêr af te sien.



Ons leer vir jou hoe om veilig te bly. Jy moet altyd van jou omgewing bewus wees sodat ons **BETER TESAME** brande kan verhoed en op vloede voorbereid kan wees.



Wes-Kaapse
Regering



BRAND VEILIGHEID

Wat veroorsaak 'n brand?



- Kers word in die huis oorgeslaan.
- Oop vure en paraffien stowe waar volwassenes nie toesig hou nie.
- Brande begin maklik en versprei vinniger in die somer, omdat dit warm, droog en winderig is.

Wat moet jy doen as jy aan die brand slaan?



Hoekom moet jy dit doen?

Brande lewe op suurstof. As jy die brand smoor, sal dit nie kan lewe nie.

Wat moet jy doen as jou huis aan die brand is?



Gaan op jou hande en knieë en kruip by die naaste venster of deur uit. Bel die Noodnommer wanneer jy veilig is.

Hoekom moet jy dit doen?

Daar sal minder rook op die grond wees, want rook styg en as jy die rook inasem, sal jy baie hoës.

Belangrik

- Net grootmense moet met paraffien werk.
- Hou 'n klein emmer sand gereed om klein vure te blus voordat hulle versprei.
- As jy gebrand is, verkoel die wond met koue water.
- As daar geen manier is om uit te kom nie - wink van 'n venster met 'n handdoek of laken en bel die brandweer dienste.

Bly Veilig

- Moet nooit in 'n brandende huis in gaan om 'n troeteldier of enigeiets anders te kry nie.
- Moet nie met vuurhoutjies of aanstekers speel nie. Dit kan brande veroorsaak en mense seermaak.
- Moet nie met elektriese drade speel nie.

NOODNOMMERS



10177



112